# Beleidstandpunte
# Veiligheid

**Veiligheid in die landbousektor**

- Die status quo is onaanvaarbaar. Moord, aanranding, verkragting, roof, diefstal (insluitend vee- en wilddiefstal en produkte), brandstigting, betreding en onwettige grondbesetting en intimidasie duur voort terwyl die Kommandostelsel uitgefaseer was voordat die Sektorpolisiëringstelsel na behore geïmplementeer is. Lg. bied nie vir landbouers 'n geloofwaardige alternatief nie. Gevolglik versleg die situasie m.b.t. Landelike Veiligheid.
- Die negatiewe invloed van die Wet op die Beheer van Vuurwapens verswak enersyds die weerbaarheid van boere terwyl dit andersins 'n onaanvaarbare ingryping in privaatbesit impliseer. Die koste verbonde aan die hernuwing van vuurwapenlisensies en wat daarmee gepaardgaan, is ewe onaanvaarbaar.
- TLU SA aanvaar dat wettige en verantwoordelike eienaarskap van vuurwapens 'n kritiese element van privaat besitreg is. Daarbenewens het landsburgers die reg om lewe en eiendom teen bedreiging te beskerm. Gevolglik ag TLU SA die Wet op die Beheer van Vuurwapens as 'n aantasting wat beide privaatbesit en persoonlike veiligheid bedreig. Die voorgeskrewe maatreëls wat die aankoop en lisensiëring van nuwe vuurwapens bepaal, word as onprakties, duur en omslagtig geag. Gevolglik sal TLU SA alle opsies oorweeg en toepas om die proses tot so mate te beïnvloed, dat verdienstelike aansoekers nie negatief daardeur beïnvloed sal word nie.
- A.g.v. swak polisiëring, word boere gedwing om teen eie koste veiligheidsmaatreëls te tref. Uitgawes in hierdie verband kan nie by produkpryse ingewerk word nie.
- Onvoldoende grensbeheermaatreëls lei tot 'n gevaarlike toename in onwettige vreemdelinge en dieresiektes.
- Boere het ook 'n reg op lewe en elke plaasmoord en-aanval is een te veel en onaanvaarbaar.
- Die Staat kan nie onthef word van sy plig om boere se veiligheid in terme van die Grondwet te beskerm nie.

- Boere moet daarom hulle eie beveiligingstrukture vestig en bedryf ter wille van hulle eie oorlewing.
- Veiligheidsonkoste wat boere moet aangaan as gevolg van die regering se versuim behoort belasting-aftrekbaar te wees.

**SAPD dienslewering**

- Die SAPD is grondwetlik verplig tot dienslewering aan die gemeenskap ongeag kultuur, geloof, etnisiteit of status. Hierdie dienslewering moet professioneel wees en intyds wees.
- TLU SA is van mening dat die vlak en gehalte van dienslewering in die algemeen, maar in besonder t.o.v. die landbougemeenskap, toenemend versleg.

**Veiligheid en uitvoering van wetlike vereistes**

- Die staat in 'n demokrasie het primêr drie funksies om te vervul naamlik hy moet toesien dat die klimaat geskep word waarin die ekonomie kan gedy.
- Daarin het hy 'n beperkte regulerende rol te speel. Verder moet hy na die veiligheid van die burgers van die land omsien.
- Hierdie verantwoordelikheid moet nooit weggeneem word nie deurdat inwoners gedwing word om na hul eie veiligheid om te sien.
- Netso is die staat verder verantwoordelik om te verseker dat alle wetgewing sonder uitsondering geïmplementeer en nagekom word. Die blootlegging van die staat se onvermoë in die verband moet deurlopend aan die nasionale en internasionale klok gehang word.

**Klimaatskepping en disinformasie**

- Die ANC spesialiseer daarin om sedert hul aan bewind gekom het om dmv beloftes aan die eenkant maar ook deur middel van vrees die kiesers te manipuleer om vir hul te stem.
- Uitlatings van hul leier dat die voorvaders na hul gestuur sal word om hul siek te maak indien hul nie vir die ANC stem nie is blatante viktimisasie.
- Dieselfde geld vir die verlies van sosiale toelaes wat deur kiesers ontvang word.
- Die verheffing van politici as heiliges is direk in konflik met TLU SA se geloofsbegronding en is verwerplik.

- Die ANC se beleid is grootliks op leuens gebaseer deurdat 'n verdraaide geskiedenis met sekere klemme uitgedra word en is dit ons taak om dit bloot te le.
- Die onsekerheid wat geskep word werk negatief in op mense se keuse om verder te investeer.
- Leiers moet deurlopend ons lede inspireer en bemoedig en toerus met die ware feite om stabiliteit te bewerkstellig.

**Verset en anargie**

- Die omstandighede in ons land word uitgebuit en kan lei tot ernstige konflik, bloedvergieting en vernietiging van infrastruktuur en eiendom.
- As Christen gee die Bybel baie duidelik riglyne van hoe daar in verset teen onregmatighede gehandel moet word.  Derhalwe sal TLU SA hom laat lei hoe Calvyn in sy Institusie, duidelik die Skrifgebonde weg van verset uiteengesit het.